

Hoofstuk van die dag: Efesiërs 5

> *Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. (Efes 5:1)*

Ons lewe in ’n stukkende wêreld. Ongelukkig, so skryf Paulus, is dit nie net ongelowiges wat hiervoor verantwoordelik is nie

(4:25 – 5:5). Valsheid, woede, diefstal, vuil taal, afbrekende gesprekke, bitterheid, opvlieëndheid, vloek en skel, ontug, onsedelikheid, gierigheid, growwe en ligsinnige praatjies – hierdie dinge kom onder gemeentelede voor! Onder ons. Ons wat beskuldigende vingers na die ander mense wys. Ons doen hierdie dinge aan mekaar.
God het ons sy kinders gemaak en Hy wil hê ons moet na Hom aard en sy voorbeeld volg (vers 1), maar ons lyk nie soos Hy nie. Ons is kinders van God, en Hy word nie moeg vir die wêreld nie. Ons is na sy beeld geskep, soos God gemaak, sê Efes 4:24. Daarom moet ons God se voorbeeld volg (vers 1). Hy het nie die wêreld afgeskryf nie.
Voordat ons die wêreld by God kan aankla en kan vra dat Hy die wêreld verander, sal ons eers sélf voor Hom moet kom staan met ons eie sondeskuld, ons selfsug, ons liefdeloosheid – met die feit dat ons God se kinders is, maar nie soos God is nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026